

Maandag 2 Augustus

Skrifgedeelte: Job 2:1-10

Fokusgedeelte: Job 2:10 (1983-
vertaling)

Berus in voorspoed én in teëspoed in die wil van die Here

Om te berus in die wil van die Here as dit goed gaan, is nie moeilik nie. Maar wat as dit sleg gaan? Job is 'n voorbeeld van iemand wat beseft het dat ons moet berus in die wil van die Here in voorspoed én in teëspoed. Nadat Job die eerste toets geslaag het, kla Satan hom weer voor God aan. Satan meen dat Job God sal vervloek indien hy liggaamlik geteister word. Die Here laat dit dan binne perke toe. Job word van kop tot tone getref moet pynlike swere.

Alleen op 'n ashoop met 'n potskerf is die vraag of Job God nou sal vervloek. Sal hy doen wat Satan gesê het (Job 2:5) en wat sy vrou nou voorstel (Job 2:9)? Steeds nie. Hy bely: "As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?" Soos aan die einde van die vorige hoofstuk (Job 1:21) bely Job dat God soewerein en vrymagtig is. Alhoewel hy dit nie kan verstaan nie, vertrou hy dat God een of ander doel met sy lyding het. Hy berus in die wil van die Here in beide voorspoed en teëspoed.

Dit is ook wat van my en jou gevra word (sien HK Sondag 10 v/a 28). Ons weet ook nie altyd hoekom God toelaat dat slegte dinge met ons gebeur nie. Maar waarvan ons seker kan wees, is dat God alle dinge ten goede laat meewerk vir dié wat Hy geroep het (Rom. 8:28). Hy gebruik die swaarkry in ons lewens om ons al hoe meer gelykvormig te maak aan die beeld van sy Seun. Berus daarom in voorspoed en in teëspoed in die wil van die Here.

Sing: Skrifberyming 34:1 (Sb 2-2:1)

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)